Wat is jou hartsbegeerte vanoggend?

Teks: Psalm 37: 1 - 40
Teksvers: Psalm 37: 3 & 4

1. Inleiding

Wat is jou hartsbegeerte vanoggend? ’n Vraag wat ons verseker laat dink vanoggend. Ons is aan die einde van ’n week waar die nasionale matriek uitslae bekend gemaak is. En alhoewel ons tans geen leerder hier in die gemeenskap van gelowiges het wat deelgeneem het in hierdie eksamens nie, sê ons steeds geluk. Ons sê geluk aan Ouma’s en Oupa’s of ander broers en susters met families se uitslae. Ook in is groter gemeenskap van gelowiges is ons bly oor goeie uitslae.

Maar dit bring ’n mens by die volgende stap in die lewe. En ons onthou dit goed in ons eie lewens. Daar moet nou ’n loopbaan gekies word en hierdie loopbaan moet met ywer nagevolg word as daar ’n sukses daarvan gemaak wil word. ’n Mens kan maar se dat so ’n loopbaan jou hartsbegeerte in beslag moet neem, as dit ’n kans op sukses wil hê.

’n Loopbaan bestaan uit verskeie komponente. Eerstens is daar natuurlik die fisies harde vakkundigheid. Dit is hier waar uitsprake hoor soos: “Al wat werklik saakmaak is jou wetenskap en wiskunde punte”. Want dit is wat jy gaan nodig hê om vaardighede baas te raak. Ons weet daar word gereeld gesê die land het meer ingenieurs en dokters nodig. ’n Volgende komponent is natuurlik administrasie. Jy moet sorg dat jy oor goeie boekhou en ekonomiese kennis beskik want jy moet jou eie en werksplek se finansies baie goed kan bestuur.

Tog kan al hierdie vaardighede so maklik in ’n verkeerde rigting aangewend word, want daar is iets wat kort. Die geesteswetenskappe. Ja daardie saak waaraan niemand wil aandag gee nie. Daarom gaan ons vanoggend kyk hoe antieke gemeenskappe daaraan aandag gegee het. Ons luister na een van die wysheidspsalms, Psalm 37. ’n Psalm wat dan juis ook in onderrig gebruik is in antieke Israel.

2. ’n Selfgerigte hartsbegeerte

Hierdie stukkie wysheidsliteratuur wat ons vanoggend bestudeer is struktureel in die oorspronlike teks akrosties. Iets daarvan is sigbaar wanneer ons die Ou Vertaling of 2014 Direkte vertaling lees. Telkens word ’n letter uit die Hebreeuse alfabet voor aan ’n vers aangetref. Maar hierdie letters lyn nie presies op met die vers numering nie. Dan sou daar immers net 22 verse gewees het in die psalm en nie 40 nie. Uiteindelik is dit nie versreëls wat verdeel is nie, maar gedagtes, alhoewel daar in die oorspronlike teks wel 'n struktuur van 4 reëls per gedagte aangtref word.

Ons teksvers kom vandag uit die letter bet, die tweede letter in die Hebreeuse alfabet. En dit beslaan vers 3 en 4. Dit staan dan in kontras met vers 1 en 2. Vers 1 en 2 soos saamgevat onder die letter alef handel oor die bekommernis oor die kwaaddoeners. Wat is die hartsbegeerte van ’n kwaaddoener, ’n skelm of ’n skurk. Uit ’n bietjie lewensondervinding kan ons almal maklik hierop antwoord. Dit is iemand wat mense indoen. Hulle verneuk. Iemand wat oneerlik is in besigheid soos wat vers 21 ook duidelik maak.

Maar hierdie term kwaadoeners word net in vers 1 en 2 van Psalm 37 gebruik. Verder lees ons van die term goddelose, wat dan 13 keer deur die psalm gebruik word om hierdie mense verder te beskryf. En dit maak vir ons iets oor die hartsbegeerte van so ’n persoon duidelik. Die Here en die koningryk is duidelik nie die Hartsbegeerte van so ’n persoon nie. Nee in lyn met dit wat ons vandag in ’n Atïestiese wêreld ervaar is hierdie persoon vir homself god en sy hartsbegeerte is na homself. Sy hartsbegeerte is materialisties en aards.

3. Die resultaat van ’n Selfgerigte hartsbegeerte

Oor die resultaat van so hartsbegeerte is psalm 37 ook baie duidelik. Vers 12 tot 15 beskryf vir ons wat iemand met ’n selfgerigte hartsbegeerte doen. Hulle beplan onheil teen die regverdige,

want hulle wil hê wat hy/sy het. Hulle trek die swaard en span die boog om magtelose en behoeftige mense neer te vel. Met ander woorde hulle teiken is die mense wat swak is, wat maklik ingedoen kan word. Die vrugte wat laag hang of die hond wat klaar lê en dan nog geskop word. Want duidelik het swakkes en behoeftiges nie ’n plek in die hartsbegeertes van die goddelose nie. Hulle is op die einde net ’n maklike bron wat dit wat die goddelose eintlik wil hê.

Ons sien dit al hoe meer prakties vandag. Soos ons reeds gesê het is daar nie meer plek vir Geesteswetenskappe en die uitvloeisel van geloof in die wêreld om ons nie. Ons sien dit in kerke wat kwyn en sukkel om te oorleef, want die samelewing het ander agenda’s en stel nie belang in die kerk nie. Want die kerk mag dalk net ’n selfsugtige hartsbegeerte aanspreek.

Juis dit wat ons Here Jesus Christus dikwels gedoen het op aarde omdat Hy geweet het wat mense se hartsbegeertes was. Hy het selfs nie geskroom om een van Sy eie volgelinge aan te spreek oor hierdie saak nie. Ons sien dit gebeur in Johannes 12: 3 - 7 wanneer Maria Jesus se voete salf, tot onsteltenis van Judas Iskariot. Uiteindelik openbaar Johannes 12: 6 en 7 dan vir ons die kontras tussen ’n Selfgerigte hartsbegeerte en ’n God-gerigte hartsbegeerte, daar staan:
"[6]Dit het hy gesê, nie omdat hy hom oor die armes bekommer het nie, maar omdat hy ’n dief was. Hy het die beursie gehad en het van die bydraes gevat.
[7]Toe sê Jesus: “Laat staan haar. Sy moes dit hou vir hierdie dag om My te salf vir my begrafnis.
[8]Die armes het julle tog altyd by julle, maar vir My het julle nie altyd nie.”

4. ’n God-gerigte hartsbegeerte

Die belangrike les wat hierdie stukkie wysheidslitratuur eintlik aan ons wil oordra, word vasgevang in ons teksvers, vers 3 en 4. Hoekom moet die fokus van die regverdige terug gebring word na vertroue p die Here en om rustig voort te werk. Die rede is dat daar iets is wat aandag van die regverdige so maklik aftrek.

Hierdie iets anders tref ons aan in ’n ander stukkie wysheidsliteratuur, Spreuke 8:13: "[13]Om die Here te dien, is om te haat wat verkeerd is. Daarom haat ek hoogmoed en hovaardigheid, ’n verkeerde lewe en slinkse woorde.” Die regverdige word kwaad wanneer die goddelose kwaaddoener besig is met sy slinkse planne. En hierdie kwaad word kan maklik ’n obsessie word. Dat die enigste hartsbegeerte op die einde die vergelding van die kwaaddoener is. Dat ’n mens alles sal opoffer solank die boosdoeners net aan die pen ry.

Daarom spreek vers 8 uit ons teksgedeelte dit ook so duidelik aan: "[8]Moenie kwaad word nie, laat staan die woede, moet jou nie ontstel nie: dit bring net ellende.” Ons moet soos ons Here Jesus Christus weet waar die lyn lê wanneer daar in woede opgetree word teen die kwaaddoeners. In Matteus 21 en parralelle gedeeltes jaag Jesus net kwaaddoeners uit die tempel hy maak hulle nie dood. Maar op die einde is dit die balans in Sy totale bedieningstydperk op aarde wat hierdie gedagte onderstreep. In alles wat vir ons opgeteken staan in die evangelies, is dit net hierdie een insident waar daar ’n tukkie vergeldende optrede te bespeur is. Die res van die Here se dienswerk hier op aarde onderstreep eerder ’n genadige hart van vergifnis vir goddeloses.

Christus se hartsbegeerte is totaal en al gefokus op die wil van Sy Vader, ons hartsbegeertes moet ook wees.

5. Die resultaat van ’n God-gerigte hartsbegeerte

Wanneer ons hartsbegeerte totaal en al op die God gevestig is, sal daar iets wees wat ons pla. Dit is of ons deel is van die regverdiges. En of ons nie eerder deel is van die goddelose kwaaddoeners nie. Want as ons werklik ernstige selfondersoek na ons gedagtes en aksies doen. Na die motief waarmee ons ook dinge elke dag aanpak, dan staan ons skaam voor die wil van die Here. Dan weet ons genade is al waarop ons kan hoop.

En dit is dan juis hierin wat die Here dan ons hartsbegeerte ook aan ons gee. Want indien ons hartsbegeerte werklik is om in ’n liefdevolle verhouding met die God die almagtige Vader te leef. Dan kom vervul die Here, Jesus Christus dit. Hy kom word mens en leef ’n sondelose lewe. Daarna offer Hy Sy liggaam aan die kruis as versoening vir al ons sondes. Nou dat ons skoon

gewas is. Kan ons ons hartbegeerte uitleef. Ons kan in ’n verhouding met die Here leef. Daardie verhouding wat nie anders kan as om uit my hart regdeur my hele lewe te spoel nie.

Dit is dus duidelik dat so ’n wedergebore lewe nie in afguns en wraak op goddeloses geleef word nie. Dit is immers ook nie die Here se opdrag in die soeke na Sy Koninkryk nie. Nee liefde tot God die Vader en liefde vir ons naaste die opdrag. Ons kan dit uitleef deur die voordeel van die Kerk van die Here hier op aarde te soek. Maar om ook as deel van hierdie kerk die voordeel van ons naaste op aarde te soek.

Prakties in ons eie gemeente beteken ’n God-gerigte hartsbegeerte dat ons sal saamwerk vir die voortbestaan van hierdie gemeente met alles wat ons het en kan. En ook dan ons aktief deelneem aan projekte wat ons hierdie jaar wil aanpak om ook ons naaste te dien. As dit ons hartsbegeerte is, sal die Here aan ons gee wat ons harte begeer.

6. Slot

In die slot keur ons terug na ’n paar gedagtes in die inleding. Die idee dat geesteswetenskappe en uiteindelik die geloof so klein plekkie in die samelewing beslaan. En dan is dit nie net die samelewing nie, dit is ook soms ons eie lewens wat plek, tyd en hulpbronne vir geestelike sake het nie. Die probleem is dat jy oor die beste fisiese vaardighede kan beskik. En ook administratief kan alles so in orde as moontlik wees. Maar sonder die geestelike ontbreek die morele kompas van dit wat ek doen. Dan is daar nie rigting nie, en dan sien ons dikwels ’n selfgerigte hartsbegeerte.

’n Selfgerigte hartbegeerte span alle wat hy/sy het in om sy eie selfsugtige begeertes te vervul. Dikwels word selfs die geloof nie ontsien om dit te laat gebeur nie. Ons sien die in ’n gemeenskap van gelowiges wat maklik uitgebuit kan word tot ’n individu se voordeel. Of selfs meer persoonlik in die gereelde verdraaiing van ons teksvers vandag. Hierdie verdraaiing behels die feit dat, indien ek net die Here as my vreugde het, dan Het Hy nie ’n keuse anders as om al my hartsbegeertes te vervul nie. Dit maak nie saak hoe boos of verdraaid dit ook mag wees nie.

Maar duidelik kan dit tog nie die regte interpretasie van hierdie gedeelte wees nie. Want dan is dit niks anders as ’n selfsugtige metode om my eie hartsbegeertes te vervul nie. Nee ons hartsbegeertes moet oplyn met die vreugde in die Here. Met dit in gedagte kom ons pak hierdie jaar aan deur moeite te doen om die geestelike die regte plek in ons lewens en ook in die samelewing te gee. Kom ons vind ons vreugde in die Here en werk dan rustig voort.

Amen